**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. SR67/2004

In die spesiale hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

En

**<u>PULE EPHRAIM RADEBE</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **VAN COPPENHAGEN *et* WRIGHT, RR**

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** **VAN COPPENHAGEN, R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **20 MEI 2004**

---

[1] Artikel 92 van die Wet op Landdroshowe Nr.32 van 1944 soos ter sake in die onderhawige bepaal:

> "92(1) Behoudens andersluidende uitdruklike bepalings in hierdie Wet of in 'n ander wet, kan die hof, wanneer die hof 'n persoon weens 'n misdryf kan straf –
>
> (a) met gevangenisstraf, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar oplê waar die hof nie die hof van 'n streekafdeling is nie, of van hoogstens 15 jaar, waar die hof die hof van 'n streekafdeling is;

(b) met boete, 'n boete wat nie die bedrag wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* vir die onderskeie howe in paragraaf (a) bedoel, bepaal, te bowe gaan nie;

(c) .......

(d) met korrektiewe toesig, korrektiewe toesig vir 'n tydperk soos beoog in artikel 276A(1)(b) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), oplê."

[2] Artikel 276 van Wet 51 van 1977 bepaal, onder andere, dat 'n hof bevoeg is om by die oplegging van vonnis verskeie opsies sal hê waarby ingesluit is die oplegging van gevangenisstraf en uiteraard natuurlik ook 'n boete of gevangenisstraf as alternatief by wanbetaling van 'n boete.

Dit behoef werklik geen verdere toeligting anders as om te konstateer dat 'n Landdros se strafregtelike jurisdiksie wat betref die oplegging van gevangenisstraf in die onderhawige geval beperk is tot hoogstens drie jaar nie.

[3] Op 28 Februarie 2003 en na 'n skuldigbevinding op 25 Februarie 2003 wat gevolg het op 'n pleit van skuldig was die beskuldigde op 'n klagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal gevonnis tot drie jaar gevangenisstraf voorwaardelik vir vyf jaar

opgeskort sowel as drie jaar korrektiewe toesig op bepaalde voorwaardes.

Gemelde vonnis wat ‘n potensiële gevangenisstraf van ses jaar inhou oorskry die jurisdiksie van die Landdros en is dus totaal *ultra vires*.

[4] Die skuldigbevinding is in orde, die vonnis nie. Die vonnis moet tersyde gestel en vervang word met ‘n gepaste vonnis.

[5] Die beskuldigde was ten tye van die pleging van die misdaad ‘n 37-jarige wewenaar en algemene arbeider. Sy verdienste was R600,00 per maand. Hy was ‘n eerste oortreder wat berou vir sy misdaad geverbaliseer en getoon het. Hy was verantwoordelik vir minstens twee van sy drie minderjarige kinders.

Uit die Landdros se uitspraak is dit duidelik dat ‘n sogenaamde “buitestraf” anders as direkte gevangenisstraf wat uitgedien moes word gepas sou wees.

Gegewe die tydsverloop en veral die feit dat die beskuldigde reeds

vir meer as ‘n jaar met die spreekwoordelike swaard van ‘n opgeskorte vonnis oor sy hoof moes saamleef en ook deel van sy korrektiewe vonnis uitgedien het, behoort die onderstaande vonnis gepas te wees.

[6] Die volgende bevele word gemaak:

1. Die skuldigbevinding word bekragtig.
2. Die vonnis die beskuldigde opgelê word tersyde gestel en vervang met die volgende:

**Twee (2) jaar gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal, gepleeg gedurende die periode van opskorting nie.**

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

**EK STEM SAAM**

**G.F. WRIGHT, R**

/scd